



CLEAN AUDITS SINCE 2010/11



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!
We shape a better future!
Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer nr: 15/3/10-14/Erf_1685

Navrae:
Mnr H L Olivier

22 Maart 2022

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

Per Geregistreerde Pos

Geagte Meneer

VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 1685, YZERFONTEIN

U aansoek met verwysingsnommer 286-1685-Yzer, gedateer 27 Oktober 2021, namens Mev E Ciaglia, het betrekking.

- A. Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek om vergunningsgebruik op Erf 1685, Yzerfontein, ingevolge artikel 70 van die Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) Die vergunningsgebruik magtig 'n dubbelwoonhuis, soos in die aansoek voorgehou;
- (b) Bouplanne aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (c) Twee parkeerplekke en minstens een bykomende parkeerplek vir die dubbelwoonhuis tot bevrediging van die munisipaliteit voorsien word;

2. WATER

- (a) Die bestaande wateraansluiting gebruik word en geen addisionele aansluitings voorsien word nie;

3. RIOLERING

- (a) Die erf voorsien word van 'n rioolsuigtenk met 'n minimum kapasiteit van 8 000l wat vir die diensvragmotor vanuit die straat toeganklik is.

4. ONTWIKKELINGSHEFFINGS

- (a) Die ontwikkelingsheffing vir die voorsiening van grootmaat water beloop R5 445,25 en is betaalbaar deur die aansoeker/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA: 9/249-176-9210);
- (b) Die ontwikkelingsheffing vir waterverspreiding beloop R4 502,25 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/249-174-9210);
- (c) Die ontwikkelingsheffing van vir riolering beloop R5 612,00 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/240-184-9210);
- (d) Die ontwikkelingsheffing t.o.v. die rioolsuiweringaanleg is R8 280,00 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/240-183-9210);

Rig asseblief alle korrespondensie aan:
Die Munisipale Bestuurder
Privaatsak X52
Malmesbury 7299

Tel: 022 487 9400
Faks/Fax: 022 487 9440
Epos/Email: swartlandmun@swartland.org.za

Kindly address all correspondence to:
The Municipal Manager
Private Bag X52
Malmesbury 7299

Darling Tel: 022 492 2237

Moorreesburg Tel: 022 433 2246

Yzerfontein Tel: 022 451 2366

- (e) Die ontwikkelingsheffing vir paaie beloop R11 500,00 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/249-188-9210);
- (f) Die ontwikkelingsheffing vir stormwater beloop R3 192,40 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/248-144-9210);
- (g) Die Raadsbesluit van Mei 2021 maak voorsiening vir 'n korting van 40% op alle ontwikkelingsheffings aan Swartland Munisipaliteit. Die korting is geldig vir die 2021/2022 finansiële jaar en kan daarna hersien word. Die korting is nie van toepassing op voorwaarde A4. (a) nie.

5. ALGEMEEN

- (a) Die goedkeuring is, in terme van artikel 76(2)(w) van die Verordening, geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Die woonhuis is reeds ongemagtig in 'n dubbelwoonhuis omskep en word u versoek om teen 23 Mei 2022 aan alle voorwaardes van goedkeuring te voldoen en die versuim daaraan sal tot gevolg hê dat die goedkeuring verval.
- B.** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek om vergunningsgebruik op Erf 1685, Yzerfontein, ingevolge artikel 70 van die bogenoemde Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

6. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) Die vergunningsgebruik magtig die bedryf van 'n skoonheidsalon as tuisberoep op Erf 1685, Yzerfontein, soos in die aansoek voorgehou;
- (b) Die bestaande wooneenheid as die primêre gebruik op die erf bly voortbestaan;
- (c) Geen gedeelte van die woonhuis of tuisberoep, mag gebruik word vir die doel van 'n hindernisbedryf, 'n risiko-aktiwiteit of die verkoop van alkoholiese drank nie;
- (d) Geen goedere wat te koop aangebied word, mag in die openbaar uitgestal word nie en geen eksterne tekens van die tuisberoep mag sigbaar wees van die straat nie, behalwe 'n reklamebord in ooreenstemming met 1(e);
- (e) Geen reklamebord mag vertoon word anders as een onverligte teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken mag nie 2m² in oppervlak oorskry nie en mag slegs die naam, telefoonnommer en profesie of beroep van die bewoner aandui;
- (f) Aansoek om die oprig of aanbring van die reklamebord aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing voorgehou word vir oorweging en goedkeuring;
- (g) Minstens twee (2) op-perseel parkeerplekke vir die tuisberoep tot bevrediging van die munisipaliteit voorsien word;
- (h) Die ruimte wat deur die tuisberoep en verwante aktiwiteite beset word, mag nie meer as 25% van die totale vloeroppervlak van die woonhuis of 50m², wat ook al die mees beperkendste is, beslaan nie;
- (i) Geen produkte, goedere, of voorraad wat verband hou met die tuisberoep mag op die grondeenheid buite 'n gebou gestoor word nie;
- (j) Nie meer as vier persone in totaal mag in die tuisberoep-aktiwiteite op 'n grondeenheid betrokke wees nie, insluitend die huisbewoners en enige assistente;
- (k) Nie meer as een handelsvoertuig met 'n bruto gewig van meer as 10 000 kg, mag vir die tuisberoep gebruik word nie, met dien verstande dat 'n voertuig wat uitsluitlik deur die bewoner vir persoonlike gebruik aangewend word, nie geag sal word 'n handelsvoertuig te wees nie;
- (l) Die handelsure van die tuisberoep tussen 07h30 tot 17h30 beperk word;
- (m) Enige nuwe struktuur of veranderings aan die bestaande woonhuis of buitegeboue, moet in ooreenstemming wees met die residensiële karakter van die betrokke gebied;
- (n) Bouplanne wat die tuisberoep en parkeerruimte op die erf illustreer, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgehou word;

7. WATER

- (a) Die bestaande wateraansluiting gebruik word en dat geen bykomende aansluitings voorsien word nie;

8. RIOLERING

- (a) Die bestaande rioolaansluiting gebruik word en dat geen bykomende aansluitings voorsien word nie;

9. ALGEMEEN

- (a) Die goedkeuring is ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening vir 'n tydperk van 5 jaar geldig. Die tuisberoep is reeds ongemagtig in gebruik en word u versoek om teen 23 Mei 2022 aan alle voorwaardes van goedkeuring te voldoen en die versuim daaraan sal tot gevolg hê dat die goedkeuring verval.
- (b) Hierdie goedkeuring spreek nie die eienaar/ontwikkelaar vry aan die verkryging van enige nodige goedkeurings van ander statutêre owerhede nie.

Die uwe


MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement: Ontwikkelingsdienste

HLO/ds

Afskrifte: Departement: Finansiële Dienste

Departement: Siviele Ingenieurswese

Boubeheerbeampte

Estelle Ciaglia, Duinebessiestraat 4, YZERFONTEIN, 7351